



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

30 September 2021

Gedagte vir die week:

God gee, daarom gee ek!

Vertrekpunt:

Matteus 16:24-28

Meditasie uit die Woord:

'n Mens leer baie wanneer jy kinders dophou. 'n Mens sien dikwels jouself in kinders. Neem as voorbeeld driejarige kinders wat in 'n groepie speel. Hou hulle fyn dop. Hulle speel dikwels grypspeletjies. Hulle gryp mekaar se speelgoed en skree dan "myne, myne". Soms gryp hulle speelgoed waarmee hulle nie speel of wil speel nie, maar wanneer iemand dit teruggryp, gooi die klein "dief" 'n vloermoer! Wanneer hulle dan later grootmense word, sit hulle op 'n baie subtiel manier die grypspeletjies voort. Hierdie grypery is een van die eerste lewensingesteldhede wat by jou agterdeur uitgegooi moet wanneer Jesus Christus by jou voordeur instap. Om die meeste te hê is dan nie meer belangrik nie. Om eerste te kom is dan nie meer belangrik nie. Om die belangrikste te wees is dan nie meer belangrik nie. Die groot vraag is eintlik: Wanneer gaan ons ophou om die grypspeletjies te speel? Of eerder: Wanneer gaan ons grootword? Dit is vrae wat 'n mens maar deeglik met jouself moet nagaan.

Reisgesprek en Youtube-skakel:

Ons sal nie op Sondagoggend 03 Oktober 2021 'n reisgesprek in die kerkgebou hê nie. Jy kan aan 'n digitale reisgesprek vir hierdie week deelneem by <https://youtu.be/L-hhjbvck8>

Meditasie uit die Lewe:

Ek ry verlede week Paarl toe vanaf Johannesburg. Ek ry deur die Karoo. By Hanover begin die wind sterk waai. Die nedersettings langs die pad is toegewaaie van die stof. By Richmond en Drie Susters gaan dit net só. Die wind pluk die kar heen-en-weer. By Beaufort-Wes lyk dit na 'n maanlandskap. Laingsburg lyk ook só. By Touwsrivier verby begin dit beter lyk. Blommetjies staan langs die pad. Hier en daar is mooi stukke groen bossieveld. Die Hexvallei is grasgroen tussen vol damme en só ook die pad vanaf Worcester tot in die Paarl. Ek dink oor dit alles ... ek dink daaraan dat ons glo dat ons almal God se geliefdes is, sy kinders is, maar waarom word ons só verskillend versorg? In my gedagtes hoor ek twee boere bid: die boer van Beaufort-Wes smeek, die boer van die Paarl sê dankie. Ek het maar net daaraan gedink. God se gesin het ook maar sy uitdagings. Die antwoorde bly ontbreek.

Aantekening:

'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com